# Landsdiens Nuus

## Klublede presteer

Llinks agter : Colleen Fourie, Koos Smith, Gert v/d Merwe
Percy Human
Voor links : Vivienne Boshoff, Heleen Human, Jaco Kruger

Sewe leerlinge van die Hoërskool Delmas Landsdiensklub is gekies om hul klub tydens die Mpumalanga Provinsiale
Kamp te verteenwoordig.

Die kamp was van 14 – 17 Junie 2010 te Blyderivier Avontuurkamp naby Hoedspruit.

Dankie aan Oom Gogi wat ons veilig daar besorg het en weer kom haal het.

'n Totaal van 230 leerlinge was op die kamp en 30 volwassenes van regoor Mpumalanga.

Landsdiens het 4 groot liefdes : liefde vir God ons Skepper, Liefde vir ons Medemens, Liefde vir die Natuur en Liefde vir Arbeid.

By die kamp word die leerlinge in groepe verdeel en neem hul deel aan verskillende aktiwiteite wat die 4 liefdes verteenwoordig. Gedurende die aktiwiteite word die leerlinge gedurigdeur ge-evalueer. Ons het kunstige handewerk met krale gedoen, lion dancing geleer, lekker gedink op die avontuurbaan, weer geleer luister en waarneem tydens die spanbousessies, river-rafting gedoen en na 'n nagmars van 6km die sterre bewonder .

Maar geen kamp is net pret en plesier nie, ons moes nog buig by die arbeidaktiwiteit. 'n Plantasie bome word bedreig deur indringer bome en dit was ons taak om die indringer bome uit te ruk, uit te kap en te verwyder vir 'n volle 3 ure. Hier word die kaf van die koring geskei en jy kan sommer gou sien wie is werk gewoond.

Ons uitstappie was na 'n slagpark.
Die koudbloedige het ons opnuut betower.
"…. en die student het ons vermaak.."

# Landsdiens nuus ---

Op pad terug na die kampterrein het ons stilgehou by ‘n Krimitartboom wat 2000 jaar oud is. Dit het al in twee geskeur maar groei steeds. Wat ‘n ervaring om in die groot ou takke te sit.

Die ou mafoeta is 2000 jaar oud …. en groei steeds.

‘n Groep van 45 kinders vorm ‘n sirkel om die boom.

Ons het ook darem kans gehad vir plesier. Ons Landsdiensouens het eie Supersterre gehou. Toe maar Koos, ons praat nie uit nie. Wat op ‘n Landsdienskamp gebeur, bly net daar.

Gert verduidelik hoe hul “watergogga” in die nuwe aangepasde rivier gaan oorleef.

Colleen en haar vriendin luister aandagtig na die vriendelike “oom” wat ons meer van waterekologie vertel.

JW en Heleen bewys dat spanwerk die sleutel tot sukses is. Party van ons het krag en ander breins.

# Landsdiens nuus ---

Luister-oefening : met ons oë toe leer ons luister.

Arbeid : Hier word die kaf van die koring geskei.

Die kamp was heerlik. Ons het gebibber van die koue, laat gaan slaap en vroeg opgestaan. Die groet was, soos altyd, moeilik en van ons het 'n traan of twee gepik. Om van vriende afskeid te neem is nooit maklik nie, maar gelukkig hou ons kontak … tegnologie maak dit vandag maklik.

Aan die einde van die kamp word 'n groep Mpumalanga leerlinge geskies om die Nasionale Kamp in Desember namens hul provinsie by te woon.

Uit die totale groep van 230 leerlinge word slegs 36 juniors en 24 seniors gekies. Hoërskool Delmas het uit 7 leerlinge 1 senior en 5 juniors wat hul Nasionale toekenning ontvang het. Verder is ons ander senior gekies vir die Inter Provinsiale Kamp. 'n Puik prestasie.

Baie geluk aan die volgende juniors met hul Nasionale Toekenning: Koos Smith, Gert van der Merwe, Jaco Kruger, Percy Human en Colleen Fourie.

Senior leerling verkies vir Nasionaal is Heleen Human. Vivienne Boshoff, ook 'n senior leerling, is gekies vir die Inter-Provinsiale kamp.

Hartlik geluk. Hul het ons Dellies se naam hooggehou.